Geregistreerde Dagsorgsentrums:

'n Dagsorgsentrum lewer 'n verskeidenheid programme en dienste aan babas en jong kinders in 'n fasiliteit of sentrum weg van die ouers of versorger. Elke dagsorgsentrum bepaal self die fooie wat gehef word.

Die Kinderwet (Wet 38 van 2005) bepaal dat dagsorgsentrums by die relevante staatsdepartement geregistreer moet word

- Indien die getal kinders meer as 6 is
- sorg aangebied word gedurende 'n vasgestelde tyd gedurende die dag of in die nag
- Vir 'n kort, vasgestelde periode (ongeveer 8 ure per dag)
- Die diens met die ouers of versorgers ooreengekom is

'n Geregistreerde dagsorgsentrum voldoen aan al die wetlike vereistes soos uitgespel in die Kinderwet en 'n sertifikaat word deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling uitgereik om dit te bevestig. Die dagsorgsentrum word verplig om hierdie sertifikaat te vertoon.

Sodra 'n Dagsorgsentrum geregistreer is, kan daar aansoek gedoen word vir 'n subsidie by die betrokke Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Die subsidiebedrag per kind per dag verskil van provinsie tot provinsie.

- *Aansoek vir Registrasie van 'n Dagsorgsentrum Vorm 11*
- *Vereiste vir Registrasie*
- *Aansoek vir subsidie - prosedures*
- *Aansoek vir Registrasie vir NPO nommer*